




Hervormingsfees



Wees bly!

Skriflesing: Fil 4:4; Deut 14:22-29 en 16:9-15

Inleidend:

“Tyd genees alle wonde...”

“Elke donker wolk het ’n silwer randjie...”

“Alles gebeur met ’n rede...”

“Die lewe is ’n reis...”

Hierdie is alles uitdrukkings wat so dikwels gebruik word dat dit maklik afgesaag, voorspelbaar en sonder oorspronklikheid begin klink...Dit raak ’n cliché. Dit beteken nie noodwendig dat dit verkeerd is nie, maar mens het dit al so baie gehoor, dit het net nie meer diesleefde trefkrag nie.

Daar is Bybeltekste wat soms clichés word...

Romeine 8:28 “Ons weet dat die Here alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet.”

Jeremia 29: 11 “Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: Voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle ’n toekoms gee, ’n verwagting.”

Filippense 4:13 “Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.”

Filippense 4:4 “Wees altyd bly in die Here, ek herhaal wees bly.”

Die probleem is natuurlik glad nie die teks nie maar met watter bedoeling en in watter konteks dit aan mense gegee word en hoe dit gebruik word.

Wyle Prof Ferdinand Deist het my veral gehelp het om hierdie gedeelte beter te verstaan en hy het dit verduidelik deur ook te verwys na die Deuteronomium boek. **Deut sê: “Wees vrolik, ek herhaal wees vrolik.”**

Toe Deut 12-26 opgeskryf is was dit allermens ’n lekker tyd in Israel se geskiedenis. Die deel is heel waarskynlik neergeskryf in die tyd van koning Jehu. En Jehu (2 Kon 9-10) was die koning wat na sy staatsgreep teen koning Joram opdrag gegee het dat Isebel in Jisreël en sewentig koninklikes in Samaria vermoor word en dat die sewentig se koppe in die stadspoort uitgestal moes word vir almal om te sien. Daarna het hy honderde Baalpriesters om die lewe gebring. So wreedaardig was die menseslagting dat Hosea (1:4) byna 100j later sou aankondig dat die Here Jehu se bloedbad van Jisreël en Samaria nie vergeet het nie en gaan straf. Dinge het die vlg 70 jaar al hoe meer agteruitgegaan. Mettertyd het hongersnood in die land uitgebreek wat so erg was dat Ma’s hulle eie kinders begin eet het (2 Kon 6:24-29).

Dit was in die omstandighede dat daar vir die gelowiges in Deut gesê word: “wees bly”. Hoe op aarde kan die Here dit van hulle verwag? Die antwoord word duidelik wanneer mens Deut 14 lees binne die raamwerk van die hele Deut boek.

Deut was baie besorg oor die arm mense en mense wat gevaar geloop het om deur ander uitgebuit te word.

Hfs 15 sê: *“As daar ’n arm mens in jou straat is moet jy nie hard en suinig wees nie. Wees vrygewig teenoor hom en leen hom wat hy nodig het.”*

In Hfs 16 word die hulpbehoewende spesiaal wat die regspraak betref in beskerming geneem: *“Jy moet die regspraak sy loop laat neem en vir niemand partydig wees nie...jy mag geen omkoopgeskenk aanneem nie. Jy moet alleen laat geld wat reg is.”*

Hfs 24 sê: *“Jy mag nie die regte van die vreemdeling of van ’n weeskind van hulle af wegvat nie. Jy mag nie die klere van ’n weduwee as pand neem nie”*

Dit is in hierdie verband wat Deut in die slegte tye waarin dit geskryf is van vreugde kon praat. Deutwys vir ons: **Vreugde kom nie uit iets buite jou of uit iets wat ander mense aan jou doen nie, maar juis omgekeerd...**

VREUGDE KOM UIT JOU HART EN UIT DIT WAT JY AAN ANDER DOEN. VREUGDE IS OM ANDER MENSE TE VERSORG EN VAN ONDERGANG, VERARMING EN ONTMENSLIKING TE RED.

Ons verwar vreugde en plesier. Die eerste is dat blydschap en vreugde iets anders is as plesier. Plesier is iets wat buite jou genot verskaf en wat as daardie prikkel verdwyn oor en verby is. Blydschap is iets anders. Blydschap of vreugde in Bybelse sin is iets wat nie ’n prikkel van buite nodig het nie, omdat dit nie uit jouself kom nie en dit is iets wat in alle omstandighede in jou kan bly.

Wat navorsing ons leer by Harvard Universiteit:

Navorsing in die positiewe sielkunde wys dat mense se welstand nie net bepaal word deur geld, sukses of aangename omstandighede nie, maar ook deur betekenisvolle verhoudings, dankbaarheid, diensbaarheid, ’n gevoel van doelgerigtheid en die vermoë om die positiewe in die alledaagse lewe raak te sien.

Die Woord van God wys vir ons:

- Vreugde/Blydschap kom eers as mens sonder verdienste begin uitdeel...

- Vreugde/Blydschap is om jouself en van jou besittings te deel sonder om iets in ruil te verwag...
- Vreugde/Blydschap word deel van jou lewe namate jy bereid is om daarvan af te sien dat mense jou moet plesier en namate jy dit vir ander mense moontlik maak om te lewe
- Vreugde/Blydschap is iets wat God in ons troostelose wereld sigbaar maak.

Lucas Maree skryf ’n pragtige lied wat ons help om iets hiervan te verstaan:

*“Ons almal is maar bang
dat die liefde sal opraak
dus probeer ons dit
tot sterwens toe bewaak
en bere ons dit suinig
in die hart se diepste kluis
hou jou naaste
op ’n afstand met die vuur*

***maar dis die goeters wat mens weggee
wat jou ryk maak
en dis daarmee wat jy mense om jou raak
want wat beteken liefde
as jy dit nie kan gebruik nie
of ’n blom se geur as niemand daaraan ruik nie?***

*Ek vermoed die hart werk
Soos die weduwee se kruik
Wat vol bly selfs al sou sy dit gebruik*

*Dis eintlik so eenvoudig
En tog almal murmureer
Want die liefde het ’n les
Wat baie min van ons ooit leer
Jy kan nie liefde optel
Soos in boekhou balanseer nie
Want liefdeswins
Bly optel omgekeer.*